Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging
Letaba Tak

**Posbus 1989 Tzaneen 0850**
***Voorsitter*** *(André le Grange) Tel: 082-322 5388* ***Ondervoorsitter Admin*** *(Dawie van Vuuren) Tel: 083-454 5391*
***Sekretaris*** *(Renier vd Merwe): Tel: 082-410 0599* ***Ondervoorsitter*** **Opleiding** *(Carel Buitendag) Tel: 082-551 8114*
**e-mail :** reniervdm@polka.co.za **Tesourier** *(Cor Olivier) : Tel: 083-424 6580*
**Sekretaresse** : Gerda Esterhuizen 015-3062307 **e-mail** : dawie.vanvuuren@brokers.absa.co.za

---

# Notule van die bestuursvergadering op 04 Oktober 2007

**1. Opening en verwelkoming:**

1.1 Andre Le Grange open met gebed en verwelkom almal teenwoordig.

**2. Doelstellings:**

Ivan Steyn lees die doelstellings voor.

**2.1 Lief en Leed:**

Geen

**3. Teenwoordig:**

Bestuur:

| | |
|---|---|
| Andre Le Grange | Dawie Botes |
| Dawie van Vuuren | Renier van der Merwe |
| Ivy Iveson | Carel Buitendag |
| M van Rensburg | Alwin Fleischman |
| Vic Osmers | Walt Katzke |
| Johan Ehlers | Chris de Wet |
| Abel Botha | Ivan Steyn |
| P Robinson | Stefan Fourie |

Lede:

| | |
|---|---|
| S.W Warmenhoven | R.B du Plessis |
| I Buitendach | R Mc Donald |
| H Erasmus | C Steyn |
| J Haar | J Peacock |
| G Pretorius | V Faurie |
| D Davel | C.M vd Schyff |
| W.J Boshoff | D.N vd Walt |
| T vd Schyff | D van Lith |

**4. Verskonings:**

Bestuur:

| | |
|---|---|
| Giam Fourie | Johnny Rech |
| Cor Olivier | Aubrey Engelbrecht |
| Hansie Botha | |

**5. Vorige notule:**

**5.1. Sake voortspruitend uit die vorige notule:**
Dewald vd Walt en Stefan Fourie was wel by die vorige vergadering, maar hulle name is weggelaat op die teenwoordigheidslys.

**5.2. Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**
Die vorige notule word gekorregeer en goedgekeur. Voorgestel deur Dewald vd Walt.

**6. Vastelling van die agenda:**

Spreukbeurte word versoek oor die volgende sake:

- Fonds insamelingsprojek

**7. Finansies & Administrasie:**

7.1 Die bankrekeninge se stand word as volg geraporteer:

<u>Tjek Rekening:</u>

| | | |
|---|---|---|
| Inkomste: R11 203 | Uitgawes: R 4 500 | Balans: ±R 6700 |

<u>Kroeg Rekening:</u>

| | | |
|---|---|---|
| Inkomste: R | Uitgawes: R 4 440 | Balans: ±R 5 200 |

7.2 ‘n Bedrag van R1000 word nog aan Magaliesburg tak geskuld vir teikens wat deur hulle aangekoop is.

7.3 Betaling van lede fooie word nou by ons tak direk gedoen. Lede kaartjies kan by Gerda afgehaal word. ‘n Lamineer masjien moet vir hierdie doel aangekoop word.

7.4 Blinders ter waarde van R2000 word goedgekeur en is reeds bestel en sal binnekort ge-installeer word.

**8. Nuwe Lede en Toegewyde Jageters:**

8.1 Die volgende nuwe lede word voorgestel en goedgekeur:

James Norval

8.2 Die volgende lede se toegewyde jagtersaansoeke word goedgekeur:

Jaco Brummer

**9. Klubhuis & skietbaan gronde:**

**9.1. Arbeid**

Geen

**9.2. Klubhuis:**

9.2.1 Mike Gamba het ‘n DSTV dekodeerder geskenk. Die installasie van die TV en dekodeerder is reeds gedoen. Daar is besluit om slegs natuur en sport kanale te aktiveer teen ±R200 per maand.

9.2.2 Daar gaan gepoog word om skenkings te kry om van die glas panele langs die kroeg te vervang en toe te bou.

**9.3. Kroeg:**

Dawie gaan reel om ‘n pyltie kompetisie te begin wat twee keer ‘n week gehou gaan word. Belangstellendes kan met Dawie kontak maak.

**9.4. SA Seta:**

Geen

**9.5. Chasa:**

9.5.1 Alle lede word herinner dat verslag van alle toegewyde jagters se aktiwiteite in Desember gedoen moet word. Almal word versoek om bewyse van jagte by Gerda in te dien, veral as daar minder as drie aktiwiteite op rekord is.

9.5.2 Daar word besluit dat lede hulle skiettoets vir hul toegewyde status by Daan van Lith kan doen. Reëlings moet vooraf met hom getref word.

**10. Skietdae:**

10.1 Skietdag 06/10/07

Die volgende skietdag word op 6 Oktober gehou. Die CHASA skiet tabel sal gevolg word. Marius van Rensburg sal in beheer wees.

Die volgende inskrywingsfooie word goedgekeur:

| | |
|---|---|
| Nie-lede | R30 per inskrywing |
| Lede | R20 per inskrywing |
| .22 per inskrywing | R5 |
| Windbuks | R5 |

Trofeemetings kompetisie

Die trofeemeting sal ook op 6 Oktober plaas vind vanaf 8:00 tot 14:00. Wallie van Dyk, Mike Gamba en Ivy Iveson sal metings doen.

Algemene Jaarvergadering

Die AJV vind ook plaas op Saterdag 6 Oktober 2007. Alle aktiwiteite sal om 11:00 gestaak word wanneer die vergadering afgehandel sal word. Almal se teenwoordigheid word versoek.

10.2 SA Jagters Skietdag

Geen

10.2 Intertak Skietdag

Geen

**11. Opleiding:**

‘n Spoorsny kursus word van 19 -21 Oktober by Kallie Osmers se plaas gehou. Daar is plek vir 8 persone. Alle belangstellendes kan vir Renier kontak.

**12. Kleiduif:**

Geen

**13. Boogjag:**

Geen

**14. Handwapenjag:**

Geen

**15. Buskruit:**

Geen

**16. Windbuks:**

Geen

**17. Jaggeleenthede:**

Geen

**18. Redaktrise / publikasies / pers:**

Geen.

**18.1. Internet:**

Geen

**19. Uitvoerende vergadering:**

Geen

**20. Algemeen:**

20.1 Wildsete

Daar is nog kaartjies beskikbaar vir die wildsete. Kaartjies word uitgedeel. ‘n Wildsete koordineringsvergadering word vir Donderdag 11 Oktober gereel.

20.2 Fondsinsameling – Merensky: Johan Bester Trust

Die Johan Bester Rugby Trust bied ‘n vertoning van Drie van die Stoutstes aan by Hoërskool Merensky op 21 November 2007. Die BJV het die regte gekry om twee kroeë te bedryf op die aand. Alle betuurslede sal beskikbaar moet wees om die kroeë te beman. Ten minste 15 lede sal per skof benodig word d.w.s 45 lede oor drie skofte.

Daar is ooreengekom dat 10% van die netto wins aan die trust gegee sal word. SAB sal genader word om te kyk of ons ‘n skenking van 100 kaste bier kan kry as vergoeding van die kansellasie van die bierfees.

20.3 Fondsinsameling - Jagpakette

‘n Fondsinsamelings projek word geloods waarby verskeie jagpakkette op ‘n trekking - basis gewen kan word. Kaartjies vir die trekking sal teen R400 elk verkoop word. Die totale koste van die pryse is R62 800 (Maksimum). Die BJV betaal egter slegs vir wild wat geskiet of gekwes word en 20% vir misskote.

Die pakkette sien as volg daaruit:

| | |
|---|---|
| 1e Prys: | 4 persone, 3 nagte verblyf |
| (R24 400) | 4 koedoe bulle/koeie +4 Blouwildebeeste |
| | |
| 2e Prys: | 4 persone, 3 nagte verblyf |
| (R18 800) | 4 koedoe bulle / koeie + 4 Rooibokke (ram of ooi) |
| 3e Prys | 4 persone, 2 nagte verblyf |
| (R9 600) | 4 koedoe koeie of 4 Blouwildebeeste |

| | |
|---|---|
| 4e Prys: | 4 persone, 2 nagte verblyf |
| (R6 000) | 1 koedoe koei + 4 rooibokke (ram of ooi) |

| | |
|---|---|
| 5e Prys: | 4 persone, 2 nagte verblyf |
| (R4 000) | 4 rooibokke (ram of ooi) |

Daar moet gepoog word om minstens 300 kaartjies te verkoop. Elke lid wat tien kaartjies verkoop, kry een kaartjie gratis. Die trekking sal op die voorseisoen skietdag plaas vind.

20.4 PG Glass skenk R772-38 vir die hestel van Daan se bakkie. Kallie word bedank vir die skenking.

**21. Volgende vergadering:**

Bestuursvergadering: 1 November 2007

Notule goegekeur as korrek Datum……………………

Voorsitter…………………. Sekretaris………………..